## Welkom by hierdie erediens 19 MEI 2024


ng overkruin
aanbid... gee om... bring hoop...

# NG OVERKRUIN

### PROGRAM VIR DIE DAG
**Pinksterreeks**

09:00 **Erediens**. Ds. W. Rothmann. Nagmaal.
Teks: Johannes 7:37-39.
Tema: Die Gees gee lewe.
10:00 **GLO**. Gr. R-6.

18:00 **Erediens**. Ds. H. Stapelberg. Nagmaal.
Teks: Lukas 10:30-37.
Tema: Sou jy afgekyk het?
**GLO**: Gr. 7-11.




### SENIORBEDIENING

Baie geluk aan die volgende senior lidmate met hulle verjaarsdae. 'n Geseënde jaar word hulle toegebid.

**Tannie Sophie Smit**. 076 273 9844. Sy word Maandag 89.

**Tannie Annetjie Visagie**. 082 789 3082. Sy word Maandag 80.

**Tannie Rykjé Jonker**. 079 411 6259. Sy word Dinsdag 81.

**Tannie Ria Hoffman**. 082 378 7310. Sy word Woensdag 83.

**Tannie Stien Vlok**. 072 598 6059. Sy word Vrydag 82.

### U VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE ONGESTELDES

Skakel asseblief die kerkkantoor om alle siekes aan te meld, 012 567 2177.

**Hennie Nel**. 084 240 4315. Het begin met behandeling. Voorbidding word gevra.

**Kitty Liebenberg**. 072 826 1634. Word oorgeplaas na Stepdown.

**Barbara Terblanche**. 082 600 8894 (Dolf, seun). In Versorgingseenheid.

### MEEGEVOEL

**Hennie** en **Elma Nel**. 084 240 4315.
Elma se ma is oorlede

### DANKOFFERSTELSEL

Lidmate kan hulle dankoffer of enige ander bydrae op van die volgende maniere doen:

- Debietorder
- Aftrekorder (stuur epos na: finansies@ngoverkruin.org.za)
- Direkte inbetaling
- Debiet- & kredietkaartfasiliteit

**Bankbesonderhede:**
ABSA: NG Overkruin
Rek: 5260 142 552
Tak: 632 005.
Verw: bv. Dankoffer / kollekte.

Snap here to pay
getsnapscan.com



Wintertee 20 Julie 2024
**Gaskunstenaar: Susan Coetzer. R150 p.p.**
**Kaartjies beskikbaar by die kerkkantoor**

## PROGRAM VIR DIE WEEK.

### MAANDAG 20 MEI 2024

19:00 **Geen studente-Bybelstudiegroep**. Kapel.

### WOENSDAG 22 MEI 2024

09:00 **Bybelstudie**. Ds. W. Rothmann. Kapel.

10:00 **Biddag vir die Verkiesing**. Ds. W. Rothmann.

19:00 **Biddag vir die Verkiesing**. Ds. W. Rothmann.

### DONDERDAG 23 MEI 2024

09:00 **Geen bybelstudie**. Ds. H. Stapelberg. Kapel.

09:00 **Bybelstudie**. Ds. P. Conradie. Konsistorie.

18:30 **Koor**. Almal is welkom.

### SATERDAG 25 MEI 2024

05:30 **Carpe Diem-mannegroep**. Alle mans en seuns is welkom. Bring slegs eie koffiebeker saam.

09:00 **SVB Kwartaalbyeenkoms**. NG Montana.

### SONDAG 26 MEI 2024

09:00 **Erediens**. Ds. W. Rothmann.
09:00 **Pienkvoete**. In die Ark.
10:00 **GLO**. Gr. R-6.

15:00 **Musiekkonsert**. Toegang: R100. Met orrel, klavier, trompet, klarinet en saksofoon. **Kaartjies ook by deure beskikbaar**.

18:00 **Erediens**. Ds. W. Rothmann.
**GLO**: Gr. 7-11.

## ANDER SAKE VAN BELANG

**Gemeenteraad**. Maandag 27 Mei om 18:30.

**Voorbidding**. Carien Liebenberg, 083 319 9636 / clieb49@gmail.com

NG Overkruin Youtube-kanaal vir preke: https://www.youtube.com/channel/UCad_WFJ-zDe9cdTJHQ1s2yQ

Ons herinner u aan ons **motorwagte** se kassies by die deure. Die motorwagte is slegs tydens die oggenddiens aan diens.

**Verlof**. Ds. H. Stapelberg. Vanaf 22-26 Mei.

## *HERWINNINGSPROJEK*

**Ons aanvaar die volgende items gedurende kantoorure (08: 00 – 13: 00) en Sondae (voor en na eredienste)**

- **Papier**
- **Karton – houers platgedruk**
- **Helder plastiese (PET) koeldrank bottels**
- **Plastiese melkbottel (Nie tetra)**
- **Metaal en aluminium blikkies (uitgespoel en skoon)**

**Plaas asseblief in gemerkte houers Kameeldoringlaan 65, Wonderboom**



## AKSIE UITREIK: MAAND VAN OORVLOED: MEIMAAND 2024

Meimaand is tradisioneel in ons Gemeente die maand van oorvloed. Dit is waar lidmate uit die oorvloed wat hulle ontvang, nie-bederfbare voedsel kan skenk tot die verligting van voedselnood by minderbevoorregtes en instansies waarby ons Gemeente betrokke is.

In die verlede het u as gemeente ruim bygedra tot hierdie inisiatief en indien u geroepe voel om weer by te dra, kan u gerus elke Sondag gedurende Meimaand blikkieskos of ander nie-bederfbare items Sondae kerk toe bring en in die mandjies by die ingange na die kerk plaas. U is ook welkom om skenkings deur die week by die kerkkantoor af te gee. Ons dank u vir u volgehoue ondersteuning by ons Uitreik-projekte.

Vir enige navrae in hierdie verband kan u gerus Hein Schuld by 082 550 8297 of Marlene Büre by 084 069 9880 skakel.

**AKSIE UITREIK:**

**Uitreikprojekte:**

**Wolmer:** Marlene Büre, 084 069 9880. Benodig dringend ‘n dubbelbed en rolstoel. Enige wol vir brei van kindertruie, asook nie-bederfbare voedsel sal waardeer word.

**Noodspens: Kerkkantoor:** 012 567 2177.

**CMR Daspoort:** Rita Viljoen, 012 567 2464 / Sankie Strydom, 082 430 2194 . Nie-bederfbare voedsel en tweedehandse klere vir seuns en dogters 11 en 12 jaar. Benodig plastiekbakkies.

**CMR Wonderboom:** Magda Vermaak, 012 567 4551. Nie-bederfbare voedsel.

**Jan Niemandpark:** Nie-bederfbare voedsel en tweedehandse klere vir alle ouderdomme.

**Jakaranda Kinderhuis huise 16 en 20:** Estie Rossouw, 082 927 2140 of Nettie Wagner, 083 276 7550. Sporttoerusting vir seuns en dogters.

**Hoërskoolleerders:** Ralie Bezuidenhout, 079 279 4005. Smeergoed vir toebroodjies.

# MARKDAG

## 1 Junie 2024

## Ons benodig die volgende skenkings / hulp vir ons Markdag:

Olie
Eiers
Jellie
Kondensmelk
Idealmelk
Boksvla
Gebakte poedings

Lekkers
Klein pakkies Chips
Tombola - enige klein speelgoed wat as pryse kan dien
Kinderspeletjies
Blaarslaai

Tamaties
Poeding help aanmaak
Rys kook (kerrie & rys)

Elke skenking word opreg waardeer!

**Droë bestanddele teen laatste Maandag 27 Mei by Kerkkantoor aflewer. Skenkings vir koektafel en poedingtafel Vrydagmiddag tussen 15:00 en 16:00 of op Saterdag oggend tussen 7:00 en 7:30.**

Kom gee jou naam op indien jy kans sien om te help by een van die stalletjies

Kontantbydrae:
Indien jy elektronies betaal (EFT), gebruik asb. MARKDAG as verwysing. Kaartfasiliteite is beskikbaar by die kerkkantoor.

Bankbesonderhede: NG Overkruin, Rek: 5260 142 552, Tak: 632 005 VERWYSING: Naam en van & MARKDAG, E-pos bewys van betaling na finansies@overkruin.co.za

Kom skakel in en wees betrokke!

*Hou aankondigings dop vir meer inligting of kontak Louise van den Heever 084 351 6729*

ng overkruin
aanbid... gee om... bring hoop...

## Die Kwêvoël

1. NG Gemeente Overkruin is nie **aanspreeklik** vir 'n diens of produk wat geadverteer word nie.
2. **Geen advertensie** mag namens 'n ander persoon of instansie geplaas word nie.
3. **Alle advertensies** moet die kerkkantoor voor Woensdag om 10:00 bereik (Dinsdag as Vrydag 'n vakansiedag is).
4. **Advertensies word beperk tot 30 woorde**. Faks en/of e-pos word aanvaar indien bewys van betaling daarby aangeheg is.
5. **Berekening van kostes (per plasing)**.
**Minder as tien woorde** = R15. **Elf - twintig woorde** = R20. **Twintig - dertig woorde** = R25. **Bankbesonderhede**: ABSA: NG Overkruin, 5260 142 552, Tak: 632 005. Verw: Kwêvoël


**Beddens en matrasse**. *Cloud 9* en *Rest Assured*-reeks teen beste pryse. Gratis aflewering in noordelike Pretoria. Faan, 082 469 0804.

**JD Fridges**. Herstel alle stowe, wasmasjiene, mikrogolfoonde, yskaste, ens. Dewald, 083 692 6752. Ons haal en lewer af.

**Kunsgalery Jacobs en Uys**, Braam Pretoriusstraat 120. Skilderye deur verskeie S.A. kunstenaars. Per afspraak, 072 203 3818.

**Algemene meubelvervoer** en langafstand. Bokse & verpakkingsmateriaal te koop. Kassie, 086 111 1129, 082 454 8159, 012 524 3111.

**Maryna se Kontreikombuis**. Daagliks, varsgekookte BOEREKOS. Wegneem Sondagmiddagetes. Spyseniering vir alle funksies en BEGRAFNISSE! Maryna, 082 451 7842. info@diekontreikombuis.co.za

**Springkastele** te huur. Kontak 079 034 5222.

**Ammunisie / Patrone**: Enige skaars, eksperimentele, historiese, ongewone, onveilige, onwettige of selfs alledaagse patrone of boeke daaroor, benodig deur geregistreerde versamelaar. 084 419 5228.

**Naweek beskikbaar**. Dikhololo. Chalet huisves 6 persone. R2 250. Pieter Conradie, 084 377 2122.

**Eiendomme noord van Magalies**: Kontak my vir die verkoop van eiendom, argiteksinsette, raad met dorpstigting, hersonering, onderverdeling, bouplanne, opgraderings en eiendomsbeleggings. philip.lourens@harcourts.co.za / 084 419 5228.

**Namibiese houtskool** 5 kg-sakke vanaf R42,00. Geen voorraad aanstekers. 012 543 1001 / 083 227 0025.

**Vakansiewoonstel**. See-uitsig, skoon, goed toegerus, veilige onderdakparkering, braaigeriewe en swembad. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies. Eerste week in Junie skoolvakansie nog beskikbaar. 082 390 9465 / lettiefour@gmail.com

**Lincor Décor**: Lasercut, Graveer, Ontwerp, 1300x900 MDF-hout, Leer, Perspex, UV-Plante, UV-Heiningblare, Silk-Plante, 10% vir Gemeente per bestelling. Linda Blom: 083 257 8718. decor@lincor.co.za
http://www.lincordecor.co.za
https://www.facebook.com/LincorDecor
https://www.instagram.com/lincordecor

**Sukkel u met skuld?** Raak PERMANENT ontslae van al U skuld met 'n Regsproses. Ons spesialiseer in sekwestrasies, likwidasies en rehabilitasie. Kontak ons nou vir 'n gratis evaluasie om te bepaal of u kwalifiseer. 082 873 7917 / info@nulskuld.co.za / Web: www.nulskuld.co.za


### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Ons moet voorkom dat ons vernietig word deur die wonde van onvolmaakte menslike liefde. Die manier om dit te doen is om te vertrou dat die bron van alle liefde God se onbeperkte, onvoorwaardelike, volmaakte liefde is - en dat hierdie liefde nie ver weg van ons is nie, maar die gawe van God se Gees is wat in ons woon.

*Henri Nouwen*

### HUMOR: Kindersêgoed

Billy het altyd daarvan gehou om op die lughawe die vliegtuie dop te hou wat opstyg en dan te sien hoe dit kleiner en kleiner word. Eendag is dit sy beurt om 'n vlug Kaap toe te onderneem. Na 'n lang ruk se doodse stilte vra hy toe: "Maar wanneer begin ons dan kleiner word?"